

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 37: Shelach Lecha (שלח) – Gestuur namens iemand / Stuur jy

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: “Stuur manne uit, dat hulle die land Kena’an, wat Ek aan die seuns van Yisra’el gaan gee, kan verken. Van elke stam van hulle vaders moet julle een man stuur, elkeen ‘n leier onder hulle.”* Num. 13:1 en 2 – PWL¹

Torah: Num. 13:1 tot 15:41

Haftorah: Joshua 2:1 tot 24

Nuwe Verbond: Matt. 9:20; 14:36; 23:5; Mark. 6:56; Luk. 8:44; Heb. 3:7 tot 19; Rom. 8:31, 37; Fil. 4:13; Heb. 11:32 tot 34; Rom. 15:4; 1 Kor. 10:11; Rom. 3:29 tot 31; Gal. 3:28 en 29; Efes. 2:11 tot 19.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 37 wat afgelaai kan word by: [Parashah37Notas14](#).

Your living is determined not so much by what life brings to you as by the attitude you bring to life; not so much by what happens to you as by the way your mind looks at what happens – Khalil Gibran

Ability is what you're capable of doing. Motivation determines what you do. Attitude determines how well you do it – Raymond Chandler

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

It is our attitude at the beginning of a difficult task which, more than anything else, will affect its successful outcome – William James.

For success, attitude is equally as important as ability – Walter Scott

Midrash (Torah Bespreking)

Ongeloof en Murmurering

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “Stuur manne uit, dat hulle die land Kena'an, wat Ek aan die seuns van Yisra'el gaan gee, kan verken. Van elke stam van hulle vaders moet julle een man stuur, elkeen 'n leier onder hulle.” Num. 13:1 en 2 .

Die hoogtepunt van hierdie week se Torahskriflesing is die verkenning van die Beloofde Land Kanaän en die verslag van die verkenners. Hierdie verkenning en verslagdoening het plaasgevind na die rebellie van Mirjam en voor die rebellie van Korag. Beide Mirjam en Korag het kwaad gespreek (*la'shon hara* – sondes met die mond gepleeg, gelaster) teen die leierskap soos deur YHVH aangestel was en met ernstige gevolge vir beide.

Die verkenners het ook kwaadgespreek van YHVH deur dat hulle nie Sy Woord (belofte) dat Hy die land aan hulle sou gee, geglo het nie. Tien verkenners, met die uitsondering van Kaleb en Josua, het 'n negatiewe verslag teruggebring wat feitlik die hele volk in opstand laat kom het en laat murmureer het.

Die hele vergadering het hulle stemme opgelig en die volk het dié nag gehuil. Al die kinders van Yisra'el het gekla teen Moshe en Aharon en die hele vergadering het vir hulle gesê: “O, as ons maar in Egipte gesterf het! Of as ons maar hier in die woestyn gesterf het! Num. 14:1 en 2.

Die gevolg was 'n verdere 38 jaar swerftog in die wildernis. 'n Hele geslag het in die wildernis gesterf. Hierdie behoort as waarskuwing vir ons te dien!!

Murmureer is kwaadpreek (*la'shon hara*) weens ontevredeheid, onvergenoegdheid en hardnekkigheid. Die verslag (slegte gerugte) van die 10 verkenners het veroorsaak (Num. 13:31 en 32) dat die volk begin murmureer het (Num. 14:1 tot 3). Dit was 'n wortel van bitterheid ('n giftige plant of boom) wat talle besoedel (vergiftig) het (Heb. 12:15) en die gevolg was dat hulle 'n nuwe leier wou aanstel om hulle na Egipte terug te neem en dat hulle die huidige leierskap wou stenig (Num. 14:4 en 10). Die oorsprong van hierdie murmurering was:

- ❖ Ondankbaarheid vir wat YHVH reeds vir hulle gedoen het en steeds doen. In die verband moet ons nie die woorde van Paulus vergeet nie:

Doen alles sonder om te kla en sonder verdeeldheid sodat julle volmaak en onberispelik kan wees, as gereinigde kinders van God wat in 'n harde en verdraaide geslag leef,⁴ onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld. Fil. 2:14 tot 17

Verbly julle altyd. Bid sonder ophou. Gee dank in alles, want dit is die wil van God, in eenheid met Yeshua, Die Gesalfde Een, in julle. 1 Thess. 5:16 tot 18.

Onthou: Dankbaarheid is ‘n gesindheid wat elkeen moet ontwikkel – dit kom nie van nature nie.

- ❖ Twyfel en wantroue in YHVH se belofte ten opsigte van die Beloofde Land wat aanleiding gegee het tot ontevredenheid en onvergenoegdheid met hulle huidige situasie. In die verband is die volgende die moeite werd om te onthou:

Murmuring begin wanneer ons dinge anders ‘sien’ as wat Vader-God dit ‘sien’ of wanneer dinge nie verloop volgens wat ons verwagting is nie. Deur die eeue was die stryd nog altyd tussen wat die Woord van YHVH sê en dit wat die mens sien, ervaar en begeer. Die oë is die vensters na die siel, maar die mens se siel (sy hart) is bedreiglik (Spr. 28:26). Hoe kan ons ‘sien’ wat YHVH ‘sien’? ‘n Moontlike antwoord vind ons in Spr. 23:26.

My seun, gee vir my jou verstand, wil en emosie en laat jou oë my lewenswyses beskou.

Bepeins of bespreek

1. Vertrou ons YHVH ten volle of wil ons ook eers ‘die land gaan verken’?
2. Die verkenners het dinge uit ‘n vleeslike oogpunt gesien en die opdrag en die belofte van YHVH vergeet en vergeet dat Hy dit wat ons sien kan verander.
 - Vertroue (geloof) is getrouheid plus vertroue, naamlik getrou (gehoorsaam) aan Torah (Yeshua die Woord van YHVH), en vertroue in die getrouheid van Vader-God. Verwys Heb. 11:1 en 6. Vertroue is glo en sien! Maar so dikwels wil ons eers sien voor ons glo!
 - Vertroue is gebaseer op feite en beloftes. ‘n Feit is dit wat reeds gebeur het, terwyl ‘n belofte is dit wat nog sal gebeur. Elkeen van YHVH se beloftes is egter ook ‘n feit. YHVH belowe asof dit reeds gebeur het! Voorbeeld: vergelyk Jes.53:4 en 5 met Matt. 8:14 tot 17. Ons glo dikwels die feite, maar nie die beloftes nie.
 - Vertroue is nie deel van ons natuurlike aard nie, maar vrees en ongeloof (wantroue) is wel deel van ons sondige aard. Daarom: Voed jou geloof en ongeloof sal sterf.
 - Verwys Num. 13:27 en 28. Ons vertroue is ook dikwels “Ja..... maar!” Ons sien ook dikwels die “vrugte” (bevestiging) (Num. 13:23 en 26) van wat YHVH belowe het en tog wantrou ons steeds!!!

Gesindheid Van Die Beréane

As gelowiges in die sondevergifnis deur Yeshua Messias se folterdood en opstanding, is dit ons hartsbegeerte om die volle waarheid van die Woord van YHVH – van Genesis tot Openbaring – te ken, te verstaan en toe te pas. Daarom is dit belangrik om dieselfde gesindheid as die van die Beréane te openbaar waarvan ons in Handeling 17 lees.

*Die broers het dadelik, toe dit nag word, vir beide Sha’ul en Sila na Beroia weggestuur en toe hulle daar kom, het hulle in die bymeakaarkomplek van die Jode ingegaan. Hierdie Jode was meer edel as dié in Thessalonike; **hulle het elke dag die boodskap met gretigheid ontvang terwyl hulle uit die Skrifte onderskei het om te sien of hierdie dinge so was.** Baie*

van hulle het vertrou, asook baie van die Griekse manne en van die belangrike Griekse vroue! Hand. 17:10 tot 12.

Ons moet die Woord van YHVH, Sy Boodskap, met gretigheid ontvang, maar ons moet dan self die Afgesonderde Skrifte ondersoek sodat ons die Waarheid korrek verstaan, dit korrek toepas en dit korrek verkondig!

Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig. 2 Tim. 2:15.

Dit is belangrik om te verstaan dat Paulus en Silas het die Waarheid aangaande Yeshua aan die Jode van Beroia (Berea) verkondig en in die lig hiervan het hulle die Skrifte van die Tanakh (ou verbond) ondersoek om te onderskei of Paulus en Silas die waarheid verkondig. Op hierdie tydstip het die Skrifte van die nuwe verbond egter nog nie bestaan nie, maar hierdie Jode het geweet dat in die Tanakh was die heenwysing na die Messias verskuil. Daarom het Paulus byvoorbeeld vir Timotheus gesê:

Bly jy egter in daardie dinge wat jy geleer het en waarvan jy seker is omdat jy weet van wie jy geleer het en omdat jy van kindsbeen af die afgesonderde Geskifte geleer is wat jou wys kan maak tot die Lewe in die vertroue van Yeshua, Die Gesalfde Een. 2 Tim. 3:14 en 15.

Daarom moet ons altyd onthou dat in die ou verbond (die *Tanakh*) is die nuwe verbond (*B'rit Chadashah*) verskuil en in die nuwe verbond word die ou verbond bevestig. Die een kan nie sonder die ander bestudeer word nie, maar ons moet by die begin, begin! Niemand lees 'n boek vanaf die einde tot by die begin nie!! Die einde is die hoogtepunt van 'n boek en daarom is die laaste hoofstuk in YHVH se boek, naamlik die Openbaring van Yeshua aan Johannes die hoogtepunt – dit is die finale openbaring van YHVH se plan vir die mens!

Die Afgesonderde Skrifte, van Genesis tot Openbaring, bevat YHVH se plan om alles te herstel tot soos dit was voor die sondeval in die Tuin van Eden. Rabbynse Judaïsme verstaan dus nie YHVH se volledige plan nie, want hulle verwerp Yeshua as die Lam van YHVH en derhalwe die Skrifte van die nuwe verbond.

Daarom kan ons wel die woord van Rabbynse Judaïsme ywerig ontvang, **MAAR** ons moet dit altyd meet aan beide die Tanakh en die *B'rit Chadashah* of dit wat hulle verkondig die waarheid is. Daar waar die woord van Rabbynse Judaïsme nie ooreenstem met die Skrifte van die nuwe verbond nie, moet dit verwerp word!

Maar dit is jammerlik dat talle in die Messiaanse Beweging nie hierdie siening deel nie, want die kar word voor die perde ingespan! Talle se siening is dat as dit wat in die nuwe verbond geskryf staan nie met Torah van die ou verbond ooreenstem nie, moet dit verwerp word. Hiervolgens is dit duidelik dat daar diegene in die Messiaanse Beweging is wat nie al die Skrifte van die nuwe verbond as deur die Afgesonderde Gees geïnspireer beskou nie en daarom word veral die Brief aan die Hebreërs verwerp!

Net so is dit ook verontrustend dat die meerderheid in die Messiaanse Beweging nie verstaan nie dat daar 'n verskil is tussen die Torah van Moses en die Torah van Messias! Die Afgesonderde Skrifte spel dit duidelik uit, veral in die brief aan die Hebreërs! En tog is daar so baie goed bedoelende gelowiges wat nie hierdie waarheid besef nie, of wat dit nie glo en aanvaar nie, want Rabbynse Judaïsme het hulle geestelik verblind.


Ina van Niekerk bespreek hierdie verskil tuseen die Torah van Moses en die Torah van Yeshua breedvoering in haar artikel: ‘Die Torah van die Messias’ wat afgelaai kan word by: [DieTorahMessias](#). Ek wil elkeen aanmoedig om hierdie artikel aandagtig te lees.

Ons moet altyd onthou: Die Torah van YHVH het reeds sedert die begin in die Tuin van Eden bestaan, maar is volgens YHVH se plan van herstel telkens aangepas, uitgebrei en in groter en dieper detail aan die mens openbaar gemaak tot en met Yeshua se folterdood en opstanding. Met die verseëling van die nuwe verbond deur die bloed van Yeshua lewe ons nou volgens die Torah van Messias. Van die begin tot die hede, en vir altyd, sal dit YHVH se Torah wees. Daar is slegs Een Oppergesag en een Wetgewer (Jak. 4:12) en dit is YHVH.

Dit is dus baie belangrik om te verstaan dat YHVH se Torah en Sy verbond met die mens hand aan hand loop.

Net so is dit baie belangrik om te verstaan dat daar slegs een verbond tussen YHVH en die mens is – ‘n Verbond wat Hy sedert die skepping telkens in groter detail met ons kom deel; 'n ewige Verbond. Dit beteken dit is tydloos, van tydlose begin af tot in ewigheid. 'n Verbond wat van altyd af volledig en volmaak is, maar waarvan dele op YHVH se bepaalde tye in groter en dieper detail aan die mens openbaar word. Elke nuwe geopenbaarde deel van die verbond is dus ewig en kan nooit wegval nie, maar kan meer volmaak openbaar en verduidelik word, asook volledig gemaak word – soos byvoorbeeld die offerandes van die Torah van Moses wat in Yeshua as eenmalige offer volledig gemaak (‘voltooi’) is. Dieselfde geld ten opsigte van die Levitiese priesterorde wat met die herstellde Melgisédék priesterorde vervang is – daar was van die begin af ‘n priesterode, maar daar het verandering in die orde plaasgevind soos YHVH sy plan van herstel van alles uitvoer.

YHVH se Torah en YHVH se verbond kan aan die hand van die volgende skematiese uiteensetting verduidelik word.



Die Torah van die Messias is soos 'n gebou. Dit het 'n fondasie met 'n gebou wat daarop gebou is. Die fondasie van die gebou is die Torah van Moses. Die Torah van die Messias gee struktuur en grense aan die Torah van die Moses, maar dit toon ook vir ons die geestelike toepassing daarvan. Ons moet onthou dat Israel van ouds deur fisiese ondervindinge geleidelik was sodat ons geestelike lesse daaruit kon leer wat ons vandag moet toepas in ons daaglikse lewe.

Ina van Niekerk verduidelik dit in haar artikel (Die Torah van Messias) aan die hand van enkele voorbeelde ondermeer soos volg:

Hulle (Israel) is byvoorbeeld. gevange gehou in die wêreldse sisteem van Egipte vol onreinheid en sonde. Daarna is hulle deur YHWH gered van die sondige bestel van Egipte toe Hy hulle uitgelei het in die woestyn waar Hy die sonde uit hulle uitgehaal het. Hy het hulle m.a.w. eers uit Egipte uitgehaal, en daarna het Hy Egipte uit hulle uitgehaal.

Toe het Hy hulle na die Jordaan gelei waar hulle leier en redder Josua (JaHUsha in Hebreeus) hulle deur die Jordaan gelei het (gedoop het) tot binne-in die Beloofde Land.

*Dieselfde geld vir ons ook. Ons is gered **uit** hierdie wêreld van sonde, terwyl ons daaglik daaraan moet werk om sonde **uit ons lewens** uit te kry deur 'n afgesonderde lewe te lei. Dit is net moontlik deur die Tweede Genadewerk, die Doping met die Ruach HaKodesh.*

Nà die doping in Sy Gees, neem JaHUsha Messias ons om die Beloofde Land in besit te neem. Daar is reuse wat ons wil verhinder om in te gaan, wat verslaan moet word in die proses. Die patroon van die fisiese ondervinding word dan geestelik toegepas. In die Torah en die res van die Tanach (ou verbond), word dit aangedui dat die Torah geestelik is. Dit is nie 'n nuwe konsep nie.

*Daarin word gesê dat JaHUaH **nie offerandes** wil hê nie, maar **wel ons harte**. Messias JaHUsha en Sy dissipels het vir ons spesifieke voorbeelde hiervan gegee.*

Die Torah leer ons dat 'n os nie gemuilband mag word wanneer dit graan dors nie (Deut. 25:4). Dit was nie geskryf ter wille van diere nie, maar ter wille van ons. As iemand dus die werk van die Koninkryk doen, moet hom nie beroof van die loon wat hom toekom nie. Net so was die Torah wat daarvoor handel dat 'n os en 'n donkie nie saam moet ploeg nie (Deut. 22:10), nie geskryf ter wille van eertydse boere nie.

Dit is om ons te leer dat ons nie terwyl ons die grond van die Koninkryk ploeg in voorbereiding vir die oes, met 'n mengsel moet ploeg nie. Ons moet rein gereedskap en implemente gebruik anders sal ons nie reg daaraan laat geskied nie.

Dit is 'n kwessie van gemengde saad. Die waarheid is volmaak en mens kan nie 'n bietjie van die waarheid van JaHUaH neem en dit meng met 'n bietjie godsdienstige menslike doktrines of teorieë wat die sogenaamde "waarhede" van 'n mens is en dan daardeur die Weg probeer bewandel nie.

Dit kom op dieselfde neer as om 'n kledingstuk te dra van gemengde stof. JaHUaH was nie eerstens besorg oor die tipe materiaal waarmee ons ons tydelike liggame beklee nie,

maar Hy is veel meer besorgd oor watter tipe geestelike kledingstukke van geregtigheid ons dra.

As ons kleet gemaak is uit gemengde draad en nie suiwer draad nie, sal dit soos 'n vuil wegwerplike kleet wees voor Hom.

Volgens bogenoemde is dit duidelik dat ons nie meer op die fisiese van die Torah van Moses fokus nie, maar wel op die geestelike betekenis en toepassing daarvan in die Torah van Yeshua.

Paulus is baie duidelik oor die einddoel van die geskrewe wet (die Boek van die wet; die Torah van Moses):

want die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou (Rom. 10:4).

Yeshua is die antwoord op die Torah van Moses – die einddoel daarvan! Yeshua het die Torah van Moses tot sy volheid gebring en vir ons die Torah van die nuwe verbond gegee – die Torah van Yeshua! Die wat vashou aan die Torah van Moses is die kinders van die slavin Hagar en is oorgegee aan die Jerusalem van nou wat steeds in slawerny is. Maar elkeen wat volgens die belofte die kinders van die vry vrou (Sara) is, is waarlik vry en 'burgers' van die hemelse (toekomstige) Jerusalem (Gal. 4:20 tot 31).

Ons moet ons beywer om YHVH se Torah reg te sny (2 Tim. 2:15) sodat ons kan weet hoe om die Torah van Yeshua reg toe te pas. Ons moet dus die verskille (die veranderinge, aanpassings, die groter openbaring) tussen die Torah van Moses en die Torah van Messias kan onderskei en slegs gehoorsaam wees aan alles soos dit in die Torah van Yeshua aan ons openbaar word. Ons moet met die hulp van die Afgesonderde Gees kan onderskei wat is die fisiese, naamlik dit wat ons steeds moet doen volgens die die Torah van Yeshua en wat is die geestelike, naamlik die fisiese van die Torah van Moses wat in Yeshua tot volheid gekom het en wat ons geestelik moet toepas volgens die Torah van Yeshua.

Ons moet as 'n koninklike Melgisédek priesterdom van die nuwe verbond lewe volgens YHVH se Torah soos dit in Yeshua tot volheid gekom het en soos dit in ons verstand gegee is en op ons hart geskryf is, (Heb. 8:8 tot 12), naamlik om daarvolgens te loop, dit te hou en dit te doen. Deur die krag van die Afgesonderde Gees, en deur die onverdiende guns in Yeshua, is dit wel moontlik en haalbaar.

Vry van die vloek van die wet beteken egter nie dat ons Torahloos is en beteken nie dat daar geen nadelige gevolge vir opsetlike sonde is nie! Nee, dit beteken wel dat die voortdurende aanklag en skuldig bevinding van die oortreding van die geskrewe wet – die Torah van Moses – tot niet verklaar is. Verder beteken dit ook nie dat ons kan aanhou sondig sodat die genade meer kan word nie (Rom. 6:1 en 2).

Ek vertrou dat jy hierdie boodskap met gretigheid (welwillendheid) sal ontvang, maar self die Skrifte, veral die van die nuwe verbond, sal ondersoek om bevestiging te kry dat daar 'n verskil is tussen die Torah van Moses en die Torah van Messias.

Bepeins of Bespreek

1. Gerrie Coetzee skrywe die volgende:

“Die konsep van "Nuwe" Verbond, is dus die openbaring van 'n nuwe dimensie van die verbond, wat die vorige, "ou", openbaringe 'n nuwe, ryker en vollediger betekenis, waarde en gevolg kom gee. Die nuwe kan slegs volledig verstaan word as ek die volheid van die vorige dele van die verbond verstaan en ek kan dus nooit enige deel van die ewige verbond, soos geopenbaar, weggooi, omdat ek die 'nuwe' ontvang het nie. Dit is juis deur die vorige openbarings dat ek die nuwe volledig kan verstaan. Sy verbond sal voltooid voortgaan tot ons, in die volheid van die Teenwoordigheid van Yahuah, die volheid kan sien en verstaan. Yahuah het die Verbond ontwerp, ons kan nie ons eie interpretasies en betekenis daaraan gee nie. By elke nuwe openbaring is daar egter gebruike, metodes en vorm wat verander vir die voortgaan en gehoorsaamheid van die nuut geopenbaarde deel van die verbond. Dit maak die voriges nie sleg of boos nie, maar net aangepas of veranderd om beter die nuwe omgewing van die verbond te bedien” (<http://www.padwlewe.ch/downloads/Verbond.pdf>).

2. Kan jy sien hoe YHVH se ewige verbond oor tyd, en volgens YHVH se plan, sy einddoel uiteindelik in Yeshua Messias bereik het? Daarom lees ons in Heb. 8:6, 7 en 13 die volgende:

Maar nou het Yeshua, Die Gesalfde Een 'n beter bediening ontvang as daardie, net soos wat die verbond ook beter is, waarvan Hy Tussenganger gemaak is, met beter beloftes as wat gegee is, want as die eerste een sonder fout was, was daar nie plek vir hierdie tweede een nie, Deurdát Hy sê 'nuwe,' het Hy die eerste as oud verklaar en dit wat verouderd en oud is, is naby vernietiging.

Die Torah van Moses was soos 'n ondergaande son wat aan die verdwyn is en die Torah van Messias soos die opkomende son. 'n Nuwe dag en 'n nuwe dispensasie van Yeshua die Lig van die wêreld en in wie se Lig ons daaglik moet wandel!

3. Yeshua het die Torah van Moses in elke opsig gehoorsaam, maar Hy was ook die brug na YHVH se Torah in Messias. Soos Josua die volk die Beloofde Land ingelei het, so neem Yeshua ons om met die hulp van die Afgesonderde Gees die koninkryk van YHVH in besit te neem.

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.